

# Wanneer alles weggeneem word, het ons nog geloof

Geskryf op 16 April 2002 tydens die Zimbabwiese plaasbesettings

Liewe vriende,

Ek en my gesin het Hwange Nasionale Park vir 'n paar dae besoek. Wat 'n lieflike, ontspanne atmosfeer – byna asof 'n mens in 'n hele ander wêreld weg van die probleme was. Soms het mens net 'n breuk nodig om jou fokus weer reg te kry. Afgesien van die tyd saam met die gesin, om wild te kyk en voëlbespieding te doen (ek het 93 voëlspesies opgeskryf, insluitend twee nuwes wat ek nog nie voorheen gesien het nie), het ek die tyd benut om Skrif te lees en te oordink. Ek het 'n outobiografie van Gypsy Smith gelees, 'n groot evangelis wat gedurende sy lang leeftyd nie net in Engeland nie, maar ook in die VSA, Frankryk, Australië en selfs Suid-Afrika in 1904 bedien het. Dit was werklik inspirerend om te sien wat 'n eenvoudige man met eenvoudige geloof in God in sy leeftyd kon vermag.

## **Geloof kry die kontrak**

Een van die mees betekenisvolle stellings wat hy seker gemaak het (sover as dit tot my persoonlik gesprek het) was, *"Wanneer God groot planne het, kry geloof altyd die kontrak."* Hierdie stelling het 'n roering in my gees veroorsaak en ek was gedurende die afgelope paar dae voortdurend bewus van die waarheid van daardie woorde.

Dink net aan al die groot dinge wat God deur die bladsye van die Bybel bereik het – en wie het Hy gebruik? Dit was elke keer manne en vroue wat eenvoudige vertroue in Hom gehad het – mense wat bereid was om die onmoontlike in die gesig te staar en vorentoe te bly gaan, ongeag. Ek het oor ons situasie hier in Zimbabwe gedink. Ons staar sekerlik die onmoontlike nou in die gesig. Die situasie is nou al verby *hand-uit ruk*. Tog is God nogsteeds God en ons is nogsteeds sy kinders.

## **Eenvoudige geloof**

Van geloof gepraat, ek is nie een om arrogansie of groot heldedade te bepleit nie. Niemand het die natuurlike vermoë om die held te wees nie. Ek dink eerder aan mense soos Hanna, die moeder van Samuel, wie in die stilte van haar siel, haar hart voor YHWH God uitgestort het.

Ek dink aan die weduwee wat haar laaste munststukke in die tempel offermandjie gegooi het – sonder enige poging dat ander haar benarde toestand moes raaksien. Ek dink aan koning Hiskía wat eenvoudig die brief wat Sánherib, die bevelvoerder van die Assiriese leër geskryf het, voor YHWH gebring en gesê het, "*O HERE, neig u oor en luister!*" (*Jesaja 37:14-20*). Ek dink aan Daniël en sy vriende wat na 'n vreemde land verban is, wat ten koste van hulle eie lewens, geweier het om die koning se kos te eet omdat hulle nie teen hulle geloof wou gaan nie.

En wanneer ek daaraan dink hoe God vir hulle *deurgekom het*, word ek bemoedig. God verhoor steeds gebed – Hy gee nogsteeds om en ondersteun dié wat

bereid is om Hom te vertrou. Lees gerus deur Hebreërs 11 en dink na oor daardie wonderlike verhale. Die *helde* van geloof was almal eintlik *eenvoudige, gewone mense* wat God vertrou het. Die groot koning Dawid het uit niks gekom nie. Hy was 'n klein skaapwagttertjie. Jefta was 'n buite-egtelike kind wat deur die res van sy familie verag en verban is. Ragab was 'n hoer, Barak was 'n lafard en Samuel is uit 'n vrou gebore wat onvrugbaar was.

As mens mooi daaraan dink, hoeveel belangrike mense is uit onvrugbare vroue gebore? Sara, ná 90 jaar van onvrugbaarheid, het vir Isak gebaar; Rebekka was ook onvrugbaar, en tog het sy nadat Isak vir haar gebid het, geboorte aan Jakob en Esau geskenk; Ragel, ook 'n onvrugbare vrou, het na God uitgeroep vir 'n kind en God het haar moederskoot oopgemaak. Sy het Josef en Benjamin gebaar. Die verkose volk van Israel is dus uit onvrugbaarheid gebore. Manóag se vrou het Simson gehad en Hanna het natuurlik vir Samuel gehad; en Elisabet het geboorte gegee aan Johannes die Doper. Dit herinner my aan die pragtige Skrifgedeelte in Jesaja:

*Jes 54:1 "JUBEL, onvrugbare, wat nie gebaar het nie! Breek uit in gejubel en juig, jy wat geen weë gehad het nie! Want die kinders van die eensame is meer as die kinders van die getroude, sê YHWH.*

*54:2 "Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in.*

*54:3 "Want jy sal regs en links uitbreek, en jou nageslag sal nasies in besit neem en verwoeste stede bevolk."*

Ek glo ons behoort nogsteeds in geloof vorentoe te gaan. Geloof self is 'n werkwoord. Dit vereis positiewe stappe – soos die weduwee wat daardie laaste muntstukke in die offermandjie gegooi het; soos die gejubel, hoewel onvrugbaar; soos om skuiling aan die Hebreeuse spioene te verskaf en dan 'n skarlaken koord by die venster uit te hang (Ragab) – met die verwagting van 'n nuwe dag wat sou breek. En elke geloofsdaad word op 'n hoop gebou wat diep in die hart brand – 'n hoop van verlossing, 'n hoop vir 'n kind wat nog gebore moet word wanneer alles om 'n mens vir jou sê dit is onmoontlik.

### **Ons getuienis**

Ek en Mandy ken daardie verlange. Mandy was onvrugbaar – en ons het byna die finale stappe geneem om 'n kind in 1979 aan te neem. Nogtans het ons vir God vertrou vir 'n kind van ons eie. Op die dag van aanneming toe die owerhede ons gebel het om te sê daar is 'n babatjie vir aanneming, het Mandy die selfde dag bevestiging gekry dat sy swanger was. En nou het God vir ons met vier wonderlike kinders geseën. Ons het deur die jare vir talle onvrugbare vroue gebed, en God het die kreet van hul harte gehoor en vir hulle 'n kind gegee.

Daar is 'n merkwaardige getuienis van 'n vrou wat 'n paar keer ginekoloog toe is en vir wie daar gesê is dat dit geheel en al onmoontlik was vir haar en haar man om kinders te hê. Sy het vir gebed gekom. 'n Paar weke daarna het haar ginekoloog met groot verbasing aangekondig dat sy swanger was.

## 'n God van wonderwerke

Vriende, ek glo in 'n God van wonderwerke. Ek het al persoonlik die mees wonderbaarlike wonderwerke voor my oë gesien gebeur. Ek ken baie Christen manne en vroue wat selfs nog meer wonderlike wonderwerke as ek aanskou het. Ek het persoonlik met twee mense gepraat wat uit die dood opgewek is – hoewel ek nie direk met daardie wonderwerke betrokke was nie. 'n Vriend van my het persoonlik vir blinde mense gebid wat leë oogkaste gehad het – en nadat hulle hul duime oor daardie oogkaste geplaas het, het die oogballe gegroei en hulle is siende daar weg. Dit het in Malawi gebeur.

Ek het aanskou hoe dowe ore weer hoor en 'n gebreekte arm oombliklik genees word – en die gips afkom. Hierdie klink miskien vir baie mense ongelooflik, maar dit is nietemin die waarheid. Afgesien van hierdie groot wonderwerke, is daar daagliks wonderwerke van die lewe, so baie dat ons geneig is om hulle vanselfsprekend aan te neem. Die hele lewe is eintlik 'n groot wonderwerk. En die grootste wonderwerk van almal is wanneer 'n harde hart deur die Gees van God aangeraak word en daardie persoon hom van sy sonde bekeer – die wonderwerk van nuwe geestelike geboorte.

Ons God is sekerlik in staat om vir ons pragtige land *deur te kom!* Een van die grootste beloftes van die Skrif is dat God nie wil hê "... *dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.*" (2Petrus 3:9). Die Skrif belowe dat God "*wakker is oor sy plan om dit te volbring*" (Jeremia 1:12), dat Hy 'n plan vir ons het (Jeremia 29:11) en dat Hy na hierdie aarde gaan terugkeer om 'n groot oes te maai (Matthéüs 13:24-30).

As ek dan my begeertes aan syne onderwerp eerder as om net vir my eie belange uit te kyk, behoort ek ook die geloof en hoop te hê wat God het, wat diep in my hart brand. Hoekom nie? As ek dan sulke hoop het, waarom nie stappe in geloof neem om daardie hoop te vervul nie?

## **Hoop**

My hoop is op die Skrif en alleenlik die Skrif gebou. As hulle my in die steek laat, sal ek geheel en al verpletterd wees. Maar ek weet dat hulle in die jare wat ek die Here ken, my nog nooit in die steek gelaat het nie. Dus is ek vasberade om in my eie *swakheid en eenvoud* soos 'n kind op my Hemelse Vader te vertrou. Hy sal nooit vir my lieg nie. Daar is nie een beduidenis van 'n leuen in Hom nie. Ek nooi jou uit om jou hand eenvoudig in sy groot, magtige hand te plaas. Sal jy in jou eie swakheid en uiterste verwoesting, in jou desperaatheid, jou harde of angstige hart buig en na Hom uitroep? Ek het gister gelees,

*Psa 46:11      "Laat staan en weet dat Ek God is ..."*

Hy stel persoonlik in elkeen van ons belang en sal geregtigheid in sy eie goeie tyd volbring. Glo Hom en tree volgens daardie geloof op.

Mag God jou daagliks in jou tyd van groot nood versterk.

Met liefde aan elkeen van julle,

*Henry D Jackson*

